# LAERSKOOL GAMTOOSVALLEI
# JAARVERSLAG

# 2022

## VOORWOORD VAN DIE SKOOLHOOF

Wat ‘n groot voorreg om in die 119de jaar van Laerskool Gamtoosvallei se bestaan hierdie verslag aan die beheerliggaam en ouers voor te hou.

Die skool het sover as moontlik gepoog om u op hoogte te hou van die afgelope skooljaar se aktiwiteite, projekte en uitslae deur middel van nuusbriewe, webblad en Facebookblad.

As plattelandse skool staan ons sterk en trots in die Oos-Kaap en vertoon ons ‘n beeld van respek, vriendelikheid, lojaliteit en eerlikheid. Ons takel groot uitdagings en oorskry die grense wat groter skole na hul asems laat snak.

Ons jong en dinamiese personeel werk met ywer en toewyding en handhaaf hoë standaarde. Ons besef terdeë die belangrike rol wat ons moet vertolk in kinders se lewens om positiewe rolmodelle vir hulle te wees.

Hartlike dank aan ons Beheerliggaam, onder die bekwame voorsitterskap van Grewar Oosthuizen, wat oor die afgelope jaar hul taak met passie uitgevoer het. ‘n Woord van dank aan ons uittredende lede, S.G. Ferreira en Phillip Dempsey vir jare se toewyding en diens aan ons skool. Jul onbaatsugtige diens word opreg waardeer.

Ons kan ook nie nalaat om die OOV, onder voorsitterskap van Jeanita Bezuidenhout, geluk te wens met die puik inkomste wat hulle gegenereer het nie, asook die samewerking wat onder die groep mammas geheers het nie.

Die suksesse van 2022 kan toegeskryf word aan baie harde werk deur al die lojale ouers, leerkragte en leerders wat die ekstra myl gestap het. Ons is veral trots op projekte soos die opknapping van die personeelkamer, kleedkamers en die nuwe gewigstootoppervlakte. Verskeie sportprestasies het ook van Laerskool Gamtoosvallei ‘n gesogte teenstander gemaak.

Laastens wil ek elke leerder wie se droom vanaand bewaarheid word in die verkryging van een of ander erkenning, hartlik gelukwens.

Dankie aan al die leerlinge vir jul mooi samewerking, harde werk en die trotse wyse waarop julle Laerskool Gamtoosvallei verteenwoordig het. Julle is puik ambassadeurs van ons skool. Hou so vol!

Hiermee dan kortliks ‘n verslag van die afgelope jaar se bedrywighede.

Christelle McCabe
SKOOLHOOF

## 1. LEERDERGETALLE: Graad R – 7

| 2012 | 2013 | 2014 | 2015 | 2016 | 2017 | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 162 | 150 | 158 | 183 | 191 | 212 | 208 | 212 | 216 | 208 | 216 |

## 2. PERSONEEL

Die afgelope jaar was die volgende onderwysers en administratiewe beamptes verbonde aan ons skool:

Mev. C. McCabe : Skoolhoof
Mnr. C. Viljoen : Departementshoof : Fasehoof - Senior Fase

Mnr. J. Coetzer : Graad 7
Mev. Y. Wethmar : Graad 6
Mev. L. Rautenbach
en Mnr. S. Barnard : Graad 5
Mnr. S. Barnard : Graad 4
Mev. D. Coetzer : Graad 3
Mev. J. Viljoen : Graad 2 Fasehoof – Grondslagfase
Mev. C. Biggs en
Mev. L. Ferreira : Graad 1

Mev. S. Visser : Gr. R Fasehoof – Dink en Doen
Mev. E. v. Jaarsveld: Gr. RR
Mev. C. Pettit : Peuters en Graad 0

Mev. S. Grundling : Sekretaresse
Mev. M. Marais en
Mej. W. Calitz : Finansiële beampte
Mnr. R. Nelson : Leesafrigter

Mev. H. Prins : Dink en Doen Assistent

Mnr. H. McCabe : Geboue en terreine
Mev. L. van Rooyen: Algemene werker
Mnr. E. Bozho : Algemene werker
Mnr. B. Asja : Algemene werker

## 3. <u>BEHEERLIGGAAM</u>

Gun my die geleentheid om terug te kyk op die 2022 skooljaar.
Die vorige 2 jaar het Covid-19 'n ontwrigtende impak op ons samelewing en veral ons skole gehad.
Ons almal het aan die begin van 2022 uitgesien na 'n meer normale jaar. Die dra van maskers was egter nog tot en met 22 Junie van die jaar deel van ons lewe, waarna alle Covid-19 regulasies tot 'n einde gekom het.
Ons skool was baie gelukkig om die Covid-19 pandemie redelik goed te kon deurwinter. Baie moeite is gedoen om akademiese onderrig so min as moontlik te ontwrig. Die feit dat ons 'n kleiner skool is, het ook hiertoe bygedra.
Ook op finansiële gebied het ons redelik ongeskonde daarvan afgekom. Baie skole in die groter dorpe en stede moes beheerliggaamposte afskaf weens ouers se onvermoë om baie van hul finansiële verpligtinge na te kom.
Hierdie jaar was dit weer goed en lekker om te kon deel wees van sportdae, kultuuraande en vele ander aktiwiteite.

<u>Kinders/Leerders</u>

- Ons leerders bly die fokus van ons skool en alles wat ons doen is gerig op hul welstand en onderrig.
- Op 27 Oktober word die jaarlikse Prysuitdeling gehou en vier ons almal die suksesse van ons kinders op allerlei terreine.
- Aan al ons leerders, of jy 'n prys kry of nie, julle almal is wenners! Baie dankie vir jul harde werk die afgelope jaar en sterkte met die laaste eksamen wat voorlê!
- Aan die Graad 7's wil ons dankie en totsiens sê, maar ook "sien later weer" by jul nuwe hoërskole.
- Weer eens het baie van ons oud skoliere by hul onderskeie hoërskole, tot in die Wes-Kaap, op alle terreine presteer.
- Ons is voorwaar trots op elke huidige en gewese Gammie!

<u>Onderwysers en Personeel</u>

- Aan ons hoof, Christelle en haar span, wil ons baie dankie sê vir jul harde werk.
- Aan die personeel wat ons verlaat het om ander geleenthede te benut of af te tree, baie dankie ook vir jul bydrae tot ons skool.
- Aan die nuwe personeel en "ou hande" wat weer kom uithelp het, baie welkom en dankie vir jul bereidwilligheid om deel van ons span te wees.
- Vir ons faktotum, Hugh en sy klein werkspan, (maar ook ouers wat inspring wanneer nodig), moet ons dankie sê vir ons netjiese terrein. Elke jaar word net nog iets vernuwe, verbeter of verfraai.

Ouers en Gemeenskap

- Ons kinders is vir ons ouers belangrik, daarom is ons skool ook vir ons ouers belangrik.
- Dankie aan ons ouers wat betrokke is en ondersteun.
- Dankie ook dat julle vir ons sê wat pla op ‘n positiewe wyse.
- Met enige fondsinsameling in ‘n kleiner gemeenskap is die uitdaging altyd om fondse van buite te kan trek. Vanjaar is die 1ste Gamtoos Farm Run aangebied waarvan ‘n groot deel van die fondse ten bate van ons skool aangewend is.
- Weer eens ‘n bewys dat ons ouers raakvatters is.
- Ek wil graag die lede van die beheerliggaam bedank vir hul toewyding die afgelope jaar, meer spesifiek ook vir SG Ferreira en Phillip Dempsy wat nou aan die einde van hul termyn kom.

Finansies

- Ons skool se finansiële posisie is tans baie gesond.
- Een van ons fokusareas is om ons beheerliggaamposte se vergoeding so na as moontlik aan dié van departementele poste te kry.
- Dankie aan SG en sy finansiespan vir jul harde werk en leiding hier.
- Aan al ons borge, donateurs, OOV, ouers en ander betrokkenes ’n hartlike dank vir jul ondersteuning!
- Graag wil ek weer eens ons ouers en ondersteuners uitnooi om vir ons borge te identifiseer. Die inkomste van ons borge is vasgemaak vir ‘n 3 jaar termyn en bring stabiliteit aan ons inkomstestroom.

Laastens moet dank betuig word aan ons Hemelse Vader. Dit is een groot stuk genade om by ‘n wonderlike skool soos Laerskool Gamtoosvallei betrokke te kan wees. Ons bly ook nederig en afhanklik van Hom in alles wat ons doen.
Beste wense aan ons leerders, onderwysers, personeel, ouers, borge en alle betrokkenes vir die res van die jaar!
Baie dankie.

Grewar Oosthuizen
Namens die Beheerliggaam van Laerskool Gamtoosvallei

## 4. OOV

Die OOV is dankbaar dat alles, na 2 Covidjare, vanjaar weer terug na "normaal" is!

Kleure-, Sone- en Kouga-atletiek kon weer plaasvind en so ook ons Bulletjie- en Blommetjiedag. Die Snoepie, tydens eerste pouse, bly 'n wenner en die kinders kan nie genoeg kry van die Ham- en Kaastoebroodjies nie! Ons kon reeds daarin slaag om aan begin van die derde kwartaal by die begroting van R135,000 uit te kom!

Dankie vir elke OOV-ouer wat sy of haar kant gebring het. Die hande was soms min, maar die toewyding groot!

**Die OOV-span vir 2022 is soos volg:**

| | |
|---|---|
| Graad 1 | Erika Nel |
| | Johayla Janse van Rensburg |
| | Janine du Preez |
| Graad 2 | Doreen Pieters |
| | Erica Nortje |
| | Hanna-Mari Opperman |
| Graad 3 | Charné Ferreira |
| | Charmaine Rautenbach |
| | Ilze Oosthuizen |
| Graad 4 | Jeanita Bezuidenhout |
| Graad 5 | Sulette van den Berg |
| Graad 6 | Danika Scheepers |
| | Euné Ferreira |
| Graad 7 | Anel Ferreira |
| | Anneli Young |
| | Christine Dempsey |
| | Monita Nel |
| Onderwysers | Christelle McCabe |
| | Yolande Wethmar |

Dankie vir elke ouer wat nie op die OOV dien nie, maar nooit geskroom het om te kom help nie. Dankie dat ons altyd op julle kan staatmaak. Sonder julle sal die OOV nie kan funksioneer nie. Dit word raakgesien en ons is ongelooflik dankbaar vir positiewe ouers!

Aan elke onderwyser, lid van die kantoorpersoneel, terreinpersoneel en beheerliggaam van Laerskool Gamtoosvallei: Dit is lekker om saam met julle te werk! Dankie vir julle geduld en leiding wat ons taak beslis makliker maak. Spesiale dank aan Hugh. Sonder jou, wil ons niks aanpak nie! Jy is altyd bereid om meer as jou deel te doen.

Ons klim inderdaad nog steeds!

Jeanita Bezuidenhout

## 5. GEBOUE EN TERREINE

**Dit is vir ons aangenaam om die volgende verbeteringe aan die skoolgebou en terrein aan u uit te lig.**

Voltooi tennisbane se toilette
Breek hout tennishuis af
Verf saal binne
Breek ‘n deur in tussen Shaun se klas en die stoorkamer
Installeer 2 geysers
Plavei D&D ingang
Afdak opgerig by Graad R
Teël pawiljoentoilette
Verskuif biblioteek
Rig ou biblioteek in as klaskamer
Verskuif borge borde na sportgronde
Knap Shaun se klaskamer op en verf
Ruil Graad 1- en 3 lokale
Verf ou Graad 1-klas
Rig trofeekas op in saal se voorportaal
Bring twee ererolle aan in saal se voorportaal
Bring tashangers aan by nuwe Graad 1 klas, asook Graad 2
Voltooi plaveisel in busloods
Vervang gebreekte teëls in seuns se badkamer
Verander personeelkamer, verskuif, restoureer, verf, ligte, bou, ensovoorts
Ruim skrootwerf op
Bring traliehek aan vir kragopwekker
Verf en teël kombuis in die saal, teël die voorportaal van die saal. Met dank aan die Graad 7’s
Olie en herstel klimrame
Lê sementblok vir twee gewigstootsirkels met net. Met dank aan Skip en Boeta
Lê nuwe teëls op die stoep van die saal en bou rolstoelingang. Dankie aan “Twin to Twin” vir die arbeid.

Hugh McCabe

## 6. FINANSIëLE VERSLAG

Ons opregte dank en waardering aan:

- Die OOV en hulle fondsinsamelingprojekte
- Ouers wat gereeld hulle verpligtinge nakom*
- Borge en donateurs
- Goeie beplanning, sinvolle besteding en beheer deur die personeel en beheerliggaam
- Goeie administrasie deur die kantoorpersoneel

Dit bly ‘n uitdaging om die finansies van ‘n plattelandse skool te bestuur soos Laerskool Gamtoosvallei. Uitdagings wat gepaard gaan met hierdie skole is leerlinggetalle, departementele ondersteuning en die kapasiteit om genoegsame fondse te genereer om likied te bly. Vanjaar het egter, soos verlede jaar, sy unieke uitdagings gehad met Covid-19. Daar is egter flink opgetree deur personeel met betrekking tot besparings. Dit het daartoe gelei dat ons nog steeds salarisse en bedryfsuitgawes kon betaal. Die skool kon ook deur effektiewe bestuur dit regkry dat ons nie een skooldag mis nie.

Daar word jaarliks ‘n begroting opgestel wat omsien na die operasionele behoeftes van die skool. Die skool se grootste inkomstebron is die skoolfonds. Om hierdie rede word daar ‘n baie streng debiteurebeleid gehandhaaf. Agterstallige skulde word elke drie maande oorhandig. Uitgawes word streng beperk tot dit wat begroot is. Dit verseker dat die skool op koers bly en die doelwitte wat gestel word, verwesenlik.

Die skool kon dit regkry om oor die afgelope paar jaar ‘n reserwe op te bou. Daar is tydens ‘n begrotingsvergadering met ons ouers onderneem om 50% van die oorwaarde van ‘n betrokke jaar te bespaar en sodoende die ander helfte beskikbaar te stel vir kapitaalinvestering.
Die beginsel van besparing plaas ons skool in ‘n posisie waar daar altyd ‘n neseiertjie sal wees vir onvoorsiene omstandighede.

Die beheerliggaam is verantwoordelik vir verskeie leerkragte se salarisse. Dit opsigself beïnvloed die vermoë van die skool om meer vir ons kinders te doen. Dit bly egter ‘n uitdaging vir ‘n plattelandse skool om gehalte onderwys te gee en sodoende volhoubare leerdergetalle te kan hê. Die beheerliggaam het in 2021 besluit om die salarisse van die poste, wat deur die beheerliggaam betaal word, meer kompeterend te maak. Deur middel van fyn beplanning en beter finansiële bestuur was dit moontlik om aanpassings te kon maak aan al die poste.

Instandhouding van toerusting, geboue en terrein, asook die lopende bedryfskoste moet deur die skool self betaal word. Om die voortbestaan van gehalteonderwys van Laerskool Gamtoosvallei te verseker, is dit nodig om pro-aktief te wees met finansiële beplanning rondom operasionele kwessies. Daarom is dit nodig om in die langtermyn alternatiewe inkomstebronne te identifiseer om ‘n versekerde vangnet te skep, sodat die skool met selfversekerdheid meer kan bied vir ons kinders.

Ons het vanjaar met betrekking tot ‘n gesamentlike onderneming met PSB 3ha sitrus gevestig wat in die toekoms vir ons ‘n konstante inkomste sal verseker.

Dit is belangrik dat al die ouers die Begrotingsvergadering bywoon, sodat hulle kan sien waar fondse vandaan kom en hoe dit aangewend word om die skool finansieel suksesvol te bedryf. Sodoende kan belangrike verbeteringe aan die skool gedoen word.
Ons skool is pragtig en ‘n kernpunt van belang in ons gemeenskap. Dit bring die gemeenskap bymekaar om te werk en te streef na ‘n instelling wat ons kinders so goed moontlik voorberei vir die hoërskool. Dit bly ‘n voorreg om jou kind tot Graad 7 in die huis te hê.

SG Ferreira

## 7. ADMINISTRASIE

Die volgende persone is verantwoordelik vir die administrasie van die skool:
Mev. S. Grundling - Sekretaresse
Mej. W. Calitz - Finansiële Beampte

## 8. LEERDERRAAD

Die leiers van 2022 was ‘n gedugte span. Deurgaans het hulle gewys wat in hulle steek en was hul werklik ‘n goeie voorbeeld vir hul mede Gammieleerders.
Van harde werk en voorvat kan mens hul maar min leer. Hierdie leiers van 2022 het hulself op vele terreine bewys en dit sien ons deur te kyk na hul verskeie prestasies op akademiese-, sport- en kultuurvlak. Hierdie groep het ook gewys dat hul hande vir niks verkeerd staan nie en was baie gewillig om altyd te help.
Deur die jaar het ons gereeld vergaderings gehou om gebeure aan te spreek. Hierdie struikelblokke is hanteer en as ‘n span het hul sommer elke situasie vining uitsorteer.
Tussen die besige jaarprogram by die skool het ons leiers ook ‘n paar projekte aangepak. Erfenisdag is sommer vroeg in September gevier en ons leiers het die inisiatief geneem om die boom van die jaar te plant (Kannabasboom, *Dais cotinifolia*). As deel van die leiers se gemeenskapsprojek skenk hul ook ‘n ererol aan een van ons plaaslike skole waar hul hul hoofleiers van elke jaar se name kan opsit.
Ons as Gammies weet ook hoe belangrik dit is om ‘n gebalanseerde leefstyl te handhaaf en dus het die leiers besluit om ‘n bietjie te ontspan by “The pottery” in Jeffreysbaai. Daar het hul as ‘n span koffiebekers geverf. Julle moet die talent sien wat agter elkeen van die leiers wegkruip.
Baie geluk aan elkeen van die leiers wat hul ware karakter getoon het deur die jaar. Dankie ook aan elkeen se harde werk en dat jul Laerskool Gamtoosvallei se naam hoog gehou het. Aan die ouers van hierdie leiers, dankie ook vir jul ondersteuning en harde werk.
Ons bid vir julle ‘n geseënde toekoms toe.

Junior en Deandri Coetzer

## 9. FASEVERSLAE:

### 9.1 DINK EN DOEN

Die jaar het verbygevlieg en die maats het vir die eerste keer sedert 2019 weer 'n normale skooljaar beleef. Die lekkerte van speel, lag, drukkies gee, hande vashou en net kind wees, was 'n besonderse mooi ervaring om te kon sien.
Dit is met groot dankbaarheid dat ons soveel aktiwiteite kon aanpak. Die maats het deelgeneem aan ons jaarlikse Kleure-Atletiek, Oupa- en Oumadag was weer eens 'n hoogtepunt, Toffie-Atletiek lekkerte, Markdagverkope, Konsert gehou soos in die ou dae, Graad R se Gradeplegtigheid en ons jonger maats se Prysuitdeling. Daar het ook verskeie diere by ons kom kuier en die maats kon spontane, praktiese leer toepas. Daar was weer uitstappies, spesiale feesvieringe asook heerlike boeresport.
Juffrou Sunelle het in Maart weer haar pos kom volstaan na die geboorte van haar dogtertjie. Tannie Kim het in September haar babadogtertjie gehad en Nomsa Speelman staan in totdat sy terug is.
Daar is tans 52 leerders by Dink en Doen waarvan 22 skoolpligtig is vir 2023.
Dink en Doen bestaan uit 3 klasse met 1 assistent:

- Graad R — Juffrou Sunelle Visser
- Graad RR — Juffrou Estée van Jaarsveld
- Peuters en graad 0 — Juffrou Corné Pettit
- Assistent — Kim Prins

Dankie aan ons Hemelse Vader wat ons elke jaar toerus met die nodige vaardighede om met die kinders te kan werk. Dankie aan 'n ouerkomitee wat altyd bereid is om in te spring en te help, ouers wat ons skool en onderwysers ondersteun en kinders wat ons werk vir ons 'n plesier maak.
Mag ons altyd streef daarna om elke jaar 'n verskil te maak in 'n kind se lewe.

Sunelle Visser, Estée van Jaarsveld en Corné Pettit

### 9.2 GRONDSLAGFASE – GRAAD 1 – 3

Laerskool Gamtoosvallei se grondslagfase het behoorlik gewoeker hierdie jaar. "Dreamteam" kan nie eers gebruik word om dié groep onderwyseresse te beskryf nie. Elke dag word aangepak met 'n doel en 'n glimlag. Niks is te veel gevra nie. Ons ondersteun mekaar deur die uitdagings en vier ook mekaar se suksesse!
Juffrou Deandri en meneer Junior se babadogtertjie, Juné is op 1 Februarie gebore en Juffrou Liesbet het by die Graad 3 klas ingestaan om te verseker dat hul jaar op die regte noot begin. Juffrou Carike het vroeg in die derde kwartaal verhuis na Port Elizabeth en die Graad 1-klas het met baie trane haar gegroet. Die gewone span van 3 is toe onmiddellik opgegradeer na 4! Juffrou Karla Moore en Juffrou Liesbet het ingespring om hierdie jaar 'n groot sukses te maak. Die Graad 1's het maklik aangepas en hulle het baie lief geword vir hul nuwe juffrou.
Klasgee is nie die enigste ding wat 'n onderwyser moet aanpak nie. Fasevergaderings, opleiding, kursusse en moderering is deel van ons alledaagse lewens hier by Gamtoos. Ons kan met trots sê ons verkies dit op geen ander manier nie. Leer is mos ons brood! Ons deel graag ons leermetodes en idees en leer dus baie by mekaar. Mev McCabe geniet dit om ons as personeel te "challenge" en deur hierdie uitdagings verreik ons ook onsself.

Tannie Shelly het ons so bietjie kom touwys maak met die Engels en nou kan ons Graad 1-3 maats sommer lekker bekkig wees met dié taal!
Markdaggelde het baie gehelp met die aankoop van apparaat en nou is ons Graad1-3 klasse gevul met kleurvolle plakkate wat toevallige lees bevorder en 'n mooi leeromgewing skep.
Na 'n propvol jaar kan ons net dankie sê aan elke ouer vir hul hulp en ondersteuning deur die jaar. Volgende jaar maak ons weer so.

Liesbet Ferreira, Jané Viljoen en Deandri Coetzer

## 9.3 INTERMEDIêRE EN SENIOR FASE – GRAAD 4 – 7

Hoera! 'n Jaar sonder enige Covidonderbrekings. Die nagevolge van Covid is wel die jaar gevoel en dit het baie uit-die-boks-denke geneem om aan die leerders ekstra ondersteuning te gee. Ons dink aan die ekstra klasse, wiskunde, tafeltoetse, weerbaarheidsessies waar leerders praktiese lewenslesse geleer was, spelkompetisies en nog vele meer. Die onderwysers het die jaar baie moeite en beplanning ingesit om die klaskamers te verfraai en meer leervriendelik te maak. Dit was 'n plesier om te sien hoe die nuwe dataprojektors in die lesse gebruik is en leerders 'n moderne en meer visuele blik op die werk kon kry.
Die jaar het dan ook sy skommelinge gehad waar ons vir een van ons onderwyseresse, Juffrou Lizanne Rautenbach, moes groet. Meneer Karel Ferreira het ons in die laaste twee kwartale kom uithelp.
Met baie drome sien ons uit na 2023.

Christie Viljoen, Junior Coetzer, Yolande Wethmar en Shaun Barnard

## 10. LEESAFRIGTER

Ons as Laerskool Gamtoosvallei vorm deel van die leesprogram, aangebied deur die Windplaas in Jeffreysbaai. Ons Graad 1 – 3 leerders kry die geleentheid om twee keer per week uit die klas uit te "ontsnap" en 'n bietjie te gaan lees. Alhoewel lees baie belangrik is, skep die leesperiodes leerders die geleentheid om lees te geniet, want lees is lekker!
Ons Graad 1 leerders het aan 'n Windkompetisie deelgeneem. Hulle moes musiekinstrumente maak wat met wind gepaardgaan. Die uitslae was soos volg: Christiaan Bosman – Goud, Emma Ferreira – Goud, Andreas Both – Silwer en Luka Coetzer – Brons

Robin Nelson

## 11. SPORT: Binne skoolverband

### 11.1 ATLETIEK

Ons as 'n skool was gelukkig om aan die einde van 2021 ons velditems van ons Kleurebyeenkoms te kon aanbied. Dit het ons die geleentheid gegee om te fokus op ons baanitems in die eerste kwartaal. Ons atlete het ongelooflik goed gevaar by ons Kleurebyeenkoms. Ons skool het daarna die Patensie Sone Atletiekbyeenkoms, asook die Kouga Atletiekbyeenkoms aangebied, waar ons onderwysers puik gevaar het as beamptes en ons atlete uitgestaan het. Laerskool Gamtoosvallei was bevoorreg om 3 atlete te hê wat opgeneem is in die Sarah Baartman-span wat aan die OP-Atletiekbyeenkoms deelgeneem het

in Cradock. Deon van Jaarsveld het 2de plek behaal in Gewigstoot met ‘n afstand van 8,94m. Riwonia Makula het ‘n 5de plek behaal in haar 75m Hekkies en ‘n 6de plek in die 200m Hekkies. Heulen Dempsey het ‘n 2de plek verower in Hoogspring met ‘n hoogte van 1,45m. Geluk aan al ons atlete. Ons is baie trots op julle.
Shaun Barnard

## 11.2 RUGBY

**Rugby o/7**
Die seuns het die jaar puik rugby gespeel. Die span het groot skole pakgegee. Die span word beskou as die beste o/7 groep wat die skool nog gehad het. Die pienk voete was blitsig op die veld. Die jong manne weet hoe om agter die doellyn te gaan kuier. Die seuns het aan baie wedstryde deelgeneem. Die span staan op ‘n wenpersentasie van 90%. Ons sien uit na die groep seuns in die toekoms. Sterkte met die volgende seisoen.

**Rugby o/9**
Die manne het ‘n harde seisoen agter die rug, maar hulle het vir geen skool teruggestaan nie. Die seuns moes die jaar leer om met struktuur te speel. Die manne het geleer wat dit is om vir mekaar te speel. Die seuns het altyd hul beste gegee op die veld. Die o/9-span is ‘n klein groep, maar met groot harte. Die span was ook ‘n jong groep, wat bestaan het uit Graad 2 en 3 spelers. Ons sien uit na die seisoen van 2023 en ons weet dit gaan ‘n groot jaar wees vir die o/9 groep.

**Rugby o/11**
Die klein reuse van Laerskool Gamtoosvallei het ‘n wonderlike seisoen agter die rug. Met ‘n wenpersentasie van 96% het ons bewys dat die span vir geen skool terugstaan nie. Met 19 wedstryde agter die rug het die span slegs een wedstryd verloor en drie gelykop gespeel. Die span het geweldig gegroei en vaardighede aangeleer.
Die o/11-span van 2022 is ‘n baie jong groep. Volgende jaar gaan ‘n groot jaar wees vir die seuns. Ons sien uit daarna. Sterkte aan die seuns wat volgende jaar opskuif na die o/13 groep. Die spannetjie moet dopgehou word, want daar is groot rugby op pad!

**Rugby o/13**
Laerskool Gamtoosvallei se o/13 seuns het die jaar fantastiese rugby gespeel. Dit was ‘n goeie jaar van rugby. Met die 15-man rugby het die span slegs drie wedstryde verloor. Ons seuns het nie teruggestaan vir enige skool nie. Die wenpersentasie vir die jaar is 85%. Dit was een van die beste o/13 groepe wat die skool nog gehad het.
Ons het die jaar se rugby afgesluit met Hoërskool Nico Malan se Sewestoernooi. Skole soos Laerskool Jeffreysbaai, Stulting, Walmer Wes, Pellsrus en Victory het deelgeneem. Die span van Gamtoosvallei het tot die finaal deurgedring teen Laerskool Stulting. Ons het tweede geëindig in die toernooi.
Laerskool Gamtoosvallei het ook talle seuns in die Kouga en Kouga-uitnodigingspan gehad: Stephan Ferreira (Kouga), Keano Coetzer en Ettiene Meyer (Kouga uitnodiging). Die manne het Kouga verteenwoordig by Hoërskool Paul Sauer.
Ons kan ook trots wees op Luciano Solani en JG de Lange wat deel was van die Craven-week span. Die twee seuns het OP verteenwoordig by Hoërskool Monument.
Ons is geweldig trots op die manne en ons sien uit na die seisoen van 2023!

## 11.3 KRIEKET

Na 3 jaar gaan ons seuns weer die geleentheid kry om krieket te speel. Die o/13-span het die jaar aan die ses-aan-'n-kant toernooi by Swellendam deelgeneem. Die span het 5de geëindig. Hulle het ook weggestap met die spangeesbeker van die toernooi.
Die o/11- en o/13-spanne gaan deelneem aan 'n ligawedstryd in die 4de kwartaal. Ons sien uit na die res van die krieketseisoen die jaar.
Die afrigters belê ook baie tyd in die minikrieket vir die seuns. Vaardighede word vir die spelers aangeleer.
Dries Dempsey, Viggo Vermaak en Nicolis Ras het deelgeneem aan die o/13 OP-proewe.
Benjamin Ferreira en Divan Theron het ook deelgeneem aan die o/12 OP-proewe.
Ons sien uit na die res van die krieketseisoen.

Junior Coetzer

## 11.4 NETBAL

**Netbal o/7**
Ons skop die netbaljaar af met hope natuurlike talent en tonne entoesiasme. Wanneer ons terugdink oor die jaar se netbalseisoen, kan ons met trots sê: Dit was 'n goeie jaar! Hierdie spannetjie meisies verloor slegs een van hul wedstryde en is 'n groep meisies wat in die toekoms groot hoogtes gaan bereik.

Corné Pettit

**Netbal o/8**
Aan die begin van die seisoen was dit reeds duidelik dat hierdie dogters 2 gedugte spanne gaan wees. Onder leiding van Juffrou Carike was hulle vinnig, week na week, op die wenpad. Dit was my voorreg om die laaste deel van die seisoen saam met hierdie dogters hulle onoorwonne status te behou. Hulle gaan beslis nog hoë hoogtes bereik.

Liesbet Ferreira

**Netbal o/9**
Die o/9-netbalspan het hierdie jaar werklik vir die eerste keer na Covid, netbal gespeel. Hulle het nuut begin, vaardighede aangeleer en trots bo uitgekom.
Die meisies het aan verskeie Mini-Netbaltoernooie en sportdae deelgeneem. Dit het die meisies geleer hoe om deel te vorm van 'n span en dat dit nie altyd oor wen gaan nie, maar dat ons netbal moet geniet en goeie sportmangees moet hê.
Mag hierdie meisies net aanhou leer. Ons hou julle vordering dop. Juffrou is trots op elkeen van julle.

Sunelle Visser

**Netbal o/10**
Die o/10-netbalspan is voorwaar ‘n span om dop te hou.
Hulle het ongelooflike spangees en pak elke wedstryd met ywer en entoesiasme aan.
Hulle het aan verskeie sportdae deelgeneem en net drie van hul wedstryde verloor.
Die groep meisies het ook baie ontwikkel ten opsigte van vaardighede en spelpatrone en met elke oefening en wedstryd verbeter.
Ek is trots op elkeen van julle!

Yolande Wethmar

**Netbal o/11**
Dié spannetjie het vele uitdagings hierdie jaar gehad. Met die wisseling van 3 afrigters het hierdie span nog steeds hul beste gedoen. Elke oefening en wedstryd is doelgerig aangepak en ons het baie geleer. Ek is trots op elkeen van die meisies wat ware sportmangees getoon het en vasgebyt het tot die bitter einde. Volgende jaar maak ons weer so!

Jané Viljoen

**Netbal o/12**
Dit was so lekker om hierdie jaar met die o/12 meisies te werk. Hulle het so ‘n passie en lus vir netbal dat dit aansteeklik is. Al het ‘n paar sportdae uitgereën het dit nie die groep gekeer om met elke oefening hul beste te gee nie. Twee van ons dogters, Shelien Joubert en Kaylin van der Merwe, het deurgedring na die Sarah Baartman proewe waar hulle Kouga verteenwoordig het. Die span het ook deelgeneem aan die Sarah Baartman Challenge en baie goed gevaar. Juffrou is baie trots op julle!

Jané Viljoen

**Netbal o/13**
Die was ‘n besige, maar lekker seisoen. Die sport het behoorlik vlamgevat na die Covid-pandemie en ons o/13-netbalspan het vir niks teruggestaan nie. Hulle het elke geleentheid met albei hande aangegryp en die beste van elke situasie gemaak. Die span het baie goed presteer en ons is baie trots op ons o/13-span. Ons het die jaar aan verskeie sportdae deelgeneem, alhoewel daar ‘n paar sportdae was waar die weer net nie wou saamspeel nie. Die groep talentvolle meisies het aan die Sarah Baartman Challenge deelgeneem en het ongelukkig teen Laerskool Jeffreysbaai uitgeval. Die span het ons juffrouens ook uitgehelp by die gradering en het die ander spanne omtrent gewys wie is baas.
Baie dankie meisies vir ‘n propvol seisoen. Dankie vir jul harde werk en dat julle elke dag jul beste gegee het. Ons wens vir julle ‘n blink toekoms toe. Ons glo in elkeen van julle en weet dat julle ons naam gaan hoog hou in die Hoërskool.
Gaan uit en wees lief vir die sport.

Deandri Coetzer

### 11.5 TENNIS

Aan die begin van 2022 het Karisma Erasmus by Gamtoos tennis aangesluit. Met haar ervaring en professionele tennisafrigtingsagtergrond, dra sy by tot die tegniese ontwikkeling van ons tennisspelers.
Twee keer ‘n week oefen ons tennis. Maandae is speletjiesdag, waar ons lekker tennisspeletjies (wat balvaardigheid en fiksheid bevorder) speel.
Woensdae is dit formele tennisoefening, waar daar klem gelê word op die ontwikkeling van vaardigheid.
Ons het die seisoen ook afgeskop met ‘n tennisrondomtalie. Spelers het teen mekaar wedstryde gespeel om ‘n voorlopige ranglys te bepaal.
Ons hoop om so spoedig moontlik weer ‘n seuns- en dogterspan by ligawedstryde in te kan skryf.

Yolande Wethmar

## 12. BIBLIOTEEK

Die biblioteek het van lokaal verander en ons is besig om dit in te rig in ‘n area wat vir ‘n lekker en gemaklike atmosfeer sal sorg sodat lees bevorder word.
Ons biblioteekprefekte, Christiaan van Vuuren en Anzel Coetzee, lewer uitmuntende werk en sorg dat hulle elke eerste pouse op hul pos is om leerders te assisteer om die biblioteek optimaal te gebruik.
Die bekende skrywer, Fanie Viljoen, het ons virtueel besoek en ons het sommer baie geleer oor hom en sy boeke.
Dit is opgevolg deur ‘n suksesvolle boekverkoping van LAPA Uitgewers.

Yolande Wethmar

## 13. KULTUREEL/ANDER

### 13.1 REDENAARS

Ons redenaars het hul weer goed van hul taak gekwyt met verskeie redenaarskompetisies die afgelope jaar.

**Interne Redenaars**
Die Interne Redenaarskompetisies vind jaarliks tydens kwartaal een en drie plaas.
Ons kinders hou van gesels en dit kan gesien word in die groot getal leerders wat vanjaar deelgeneem het aan die Interne Redenaars.
Geluk aan elke deelnemer, julle is tops.

Yolande Wethmar en Shaun Barnard

**Radikale Redenaars**

Die volgende leerders het aan die Radikale Redenaarskompetisie deelgeneem:
Gr.1 – WJ Erasmus
Gr.3 – Edith van der Watt
Gr.4 – Steph Muller
Gr.6 – Leila Scheepers
Gr.6 – Emdin Colling
Baie geluk met jul deelname!

Yolande Wethmar

**ATKV-Redenaars**

Leila Scheepers en Steph Muller het Laerskool Gamtoosvallei verteenwoordig by vanjaar se ATKV-Redenaarskompetisie.
Steph Muller (Gr.4) behaal 'n 2de plek by die semi-finale uitdunronde vir Suidoos-Kaap.
Ons is trots op die deelnemers wat hul staal wys by so 'n nasionale kompetisie.
Yolande Wethmar

**Pikkie Praat**

Afrikaans jou lekker ding! Ons Graad 1-3 maats het net weer eens bewys hoe LEKKER dit regtig is. Ons jaarlikse Pikkie Praat was weer eens 'n groot sukses! Elke leerder kon uit 'n lys van onderwerpe kies en voor sy klasmaats oor sy onderwerp gesels. 'n Sekere aantal leerders uit elke klas word dan gekies om deel te neem aan die Pikkie Praat. Die verhoog was versier en gereed vir die maats om hul sê te sê! Hulle het ons waarlik 'n ding of 2 geleer.
Hierdie jaar het ons 'n groot verskeidenheid onderwerpe gehad waarvan die leerders kon kies:

- Hoe gebruik ek my ore?
- Groei
- Afrikaans jou lekker ding
- In die ou dae
- Die groot storie
- Eendag as ek groot is
- Sosiale media

Ons is dankbaar teenoor ons beoordeelaars wat hul so goed van hul taak gekwyt het.
Weer eens baie dankie.

Die wenners is as volg:
Graad 1:
1ste Jana Ferreira
2de Emma Ferreira
3de Petri van der Watt

Graad 2:
1ste WJ Erasmus
2de Alana Moggee
3de Franchesca Ferreira

Graad 3:
1ste  Edith van der Watt
2de   Eliska Oosthuizen
3de   Elmoné van den Berg en Annabell van Jaarsveld

Weer eens baie geluk aan al ons deelnemers.

Liesbet Ferreira, Jané Viljoen en Deandri Coetzer

## 13.2 KUNSFEES Gr.4 – 7

**Despatch Kunsfees**
Daar het 22 leerders van Gr. 4 – 7, aan die Despatch Kunsfees deelgeneem.
Voordrag, monoloë, gedramatiseerde poësie en dialoë, ons kinders kan!

Uitslae soos volg:
B+ simbool : 3
A simbool : 6
A – simbool : 2
A + simbool : 9
A++ simbool (Diploma) :1

Baie geluk julle!

**Despatch Prestige aand**
Die volgende leerders is uitgenooi om by die geleentheid op te tree:
Leila Scheepers, Tayham Long en Gabriella Ferreira

**Stulting Kunsfees Gr. 4 – 7**
Agt leerders van Gr.4 – 7, het aan die Stulting Kunsfees deelgeneem en uitstekend presteer.

Uitslae soos volg:
A simbool : 3
A+ simbool : 2
A++ simbool : 2
A+++ simbool : 2

**Stulting Prestige aand**
Die volgende leerders is uitgenooi om by die geleentheid op te tree:
Steph Muller, Leila Scheepers en Jana Ferreira

Yolande Wethmar

## 14. <u>SPORT: Buite skoolverband</u>

### 14.1 <u>JUDO</u>

Hierdie jaar is die jaar wat ek nog die meeste Judokas ooit by Gamtoosvallei Judo-Klub gehad het. Die 34 woelwaters hou my besig op ‘n Dinsdag.
Die afgelope jaar het ons weer aan die OP-Proewe deelgeneem. Dries Dempsey en JG de Lange het gekwalifiseer om aan die SA-Kampioenskappe deel te neem.

Die Judokas het soos volg presteer:
Individueel: Dries Dempsey verower ‘n bronsmedalje.

My Dinsdae word regtig opgekikker om met die kinders te werk en ek hoop Judo het ‘n goeie invloed op hul lewens.

Marthinus Colesky

### 14.2 <u>RITMIESE GIMNASTIEK</u>

En ja, daar is nog ‘n jaar net so verby........

Patensie gimnaste het weer eens nie teruggestaan in 2022 nie.
Ek staan verstom oor die natuurlike talent in die pragtige dorp.

Die Dink en Doen gimnassies (seuns en dogters) het ongelooflike rou talent en ek hoop van harte dat hul almal sal aanhou kies om gimnastiek te doen.
Op klubvlak het die Patensiegroepie gegroei met twee nuwe vlak-1 gimnassies wat bygekom het. Hierdie was uiteindelik weer ‘n "normale" jaar vir ons as klub.
Ons kon al ons uitnodigings en twee Oos-Kaapkompetisies bywoon.

Ek as afrigster is super trots op my Patensie gimnaste.

Baie geluk aan Zintle Maseti (vlak-6), Cara Rautenbach (vlak-8) en Heulen Dempsey (vlak-9), wat hul OP-Kleure verwerf het. Hulle het in Oktober aan die SA-Kampioenskappe in Pretoria deelgeneem.

Baie geluk aan Heulen wat ‘n 2de plek vir haar balroetine tydens SA-Kampioenskappe verower het.
Dit is regtig vir my heerlik, maar veral ‘n voorreg om in Patensie te kan afrig.
Baie dankie aan die skool, ouers en gemeenskap wat Aqua Ritmiese Gimnastiekklub so mooi en getrou elke jaar ondersteun.
Dit word opreg waardeer.

Nokkie Joubert

## 14.3 BALLET- EN DANSKLASSE

**Ballet**

Studente van die Robyn D’Arcy School of Dance is tans besig met voorbereiding vir hul Royal Academy of Dance balleteksamens, wat op 19Oktober 2022 in Jeffreysbaai plaasgevind het. Olivia Van Niekerk en Erin van Wyk, albei leerders van Laerskool Gamtoosvallei, het onlangs aan die Port Elizabeth Dance Festival deelgeneem en uitstekend gevaar in hul verskeie kategorieë.

Olivia Van Niekerk:
Novice Ballet Demi-Character solo: Playful Kitty-Silwer (70%-84%)
Novice Ballet Group: Lollipop-Goud (85% en meer)

Erin Van Wyk:
Novice Ballet Group: Bright Stars-Goud (85% en meer)

Ons dansers neem op 6 November 2022 deel aan die jaarlikse Robyn D’Arcy School of Dance Showcase by Victory Kerk.
Ons dank u vir u ondersteuning van die uitvoerende kunste.

Robyn D’Arcy

## 15. MUSIEK EN KOOR

Elke Dinsdag is dit Sang- en Kooroefening by Laerskool Gamtoosvallei! Heerlik! Anmagreth en Retha van der Merwe oefen met die Junior- en Seniorkoor en probeer om die kore eietydse liedere te laat sing wat hulle geniet. Ons probeer ook om bewegings saam met die liedere te inkorporeer, wat hulle geniet en leer om gedissiplineerde bewegings saam en gelyk te doen. Retha hanteer ook die klasse vanaf Dink en Doen tot Graad 7. Hier word gesing, bewegings gedoen, geoefen vir konserte, opstelle geskryf oor sang, ritme, musiek en prente geteken oor wat die leerlinge geniet tydens sang en musiek. Ongeveer 40 leerlinge is ook hierdie jaar voorberei vir sang by die Kunsfees in Despatch en Humansdorp en het uitstekend gevaar. Ek is BAIE trots op elkeen wat soveel moed gehad het om alleen op 'n groot verhoog te staan en sing. Welgedaan aan elkeen! Dit is vir my 'n eer en voorreg om so musikaal betrokke te wees by Laerskool Gamtoosvallei. 'n Skool om op trots te wees.

Retha en Anmagreth van der Merwe

## 16. KINDERKRANS

Na bykans 2 jaar van Covid is ons só dankbaar dat ons hierdie jaar feitlik onafgebroke Kinderkrans op 'n Vrydagoggend kon aanbied. Ons as 2 gemeentes loof die HERE vir
Mev. Mc Cabe en haar personeel wat ons toelaat om al die leerlinge elke Vrydag te bedien met GOD se WOORD.

Ons het 'n klomp entoesiastiese jong Mamma's wat baie kreatief hulle Kinderkransklasse aanbied. Ek glo die HERE glimlag elke Vrydag oor elke klasaanbieding.
Graad R – Ilze Oosthuizen, Graad 1 – Anneli Young, Graad 2 - Nadia du Preez,
Graad 3 – Diolandi Vermaak, Graad 4 – Shelley Rautenbach, Graad 5 – Judy Schellingerhout, Graad 6 – Estelle Kleinhans, Graad 7 – Danika Scheepers.
Ons aflosdames is Lenie Nel, Amarissa Griebenouw, Anmagreth van der Merwe, Hanna-Mari Opperman en Retha van der Merwe.
Ons glo en vertrou dat elke leerling elke Vrydag uitsien na Kinderkrans en dat die saad wat gesaai word, wonderlike vrug sal dra, ook in die toekoms.
Baie dankie vir elkeen se deelname.

Retha van der Merwe

## 17. <u>MARKDAGGELDE</u>

‘n Groot dankie aan almal wat tot dusver deelgeneem het aan die markdae in 2022. Ons gee graag vir u ‘n uiteensetting hoe die verskillende grade hul geld aangewend het.

### <u>DINK en DOEN en GRAAD R</u>

Bedrag : R23 245

- Trampolien
- Afdak by die graad R klas
- Skadunet by die speelarea
- Modderkombuis
- Fietsies
- Opvoedkundige speelgoed
- Balle en rakette
- Fantasiespeelgoed
- Nuwe tema prente, ensovoorts

### <u>GRAAD 1</u>

Bedrag : R17 477

- Plakkate en leermiddels vir die nuwe klas
- Valbyl
- Bydrae gemaak vir graad 1 – 3 se aankoop van leesreeks

### <u>GRAAD 2</u>

Bedrag : R 16 893

- Aankope vir Grondslagfase kuns
- Aankope van klei, skryfbehoeftes, springtoue en hoepels
- Bydrae gemaak vir graad 1 – 3 se aankoop van leesboeke

**GRAAD 3**

Bedrag : R8 340

- Aankoop van leermateriaal (plakkate)
- Kunsbenodigdhede
- Opvoedkundige speletjies en legkaarte
- Bydrae gemaak vir graad 1 – 3 se aankoop van leesboeke

**GRAAD 4**

Bedrag : R9 970

- Wiskunde speletjies
- Engelse speletjies
- Plakkate vir klas
- Leermateriaal vir klas

**GRAAD 5**

Vind plaas in vierde kwartaal.

**GRAAD 6**

Bedrag : R11 600

- Plakkate gemaak vir klas
- Res van bedrag sal later aangewend word

**GRAAD 7**

Bedrag : R6 062

- Opvoedkundige plakkate vir Wiskunde, Sosiale Wetenskappe en Natuurwetenskappe
- Res van bedrag word oorgedra na 2023

## 18. BEDANKINGS

Dit is vir my ‘n eer en ‘n voorreg om die volgende bedankings te doen:

- Die **Departement van Onderwys**, FEDSAS en die S.A.O.U. vir u raad, bystand en leiding, veral mnr Pierre de Villiers vir sy waardevolle bydrae tot die onderwys in ons Distrik.

- Die **OOV** wat reuse werk gedoen het en sorg dat ons kinders en gaste lekker eet tydens sportbyeenkomste en funksies.

- Ons **ouers,** die **gemeenskap, instansies** en die **kerke**: U ondersteuning is van onskatbare waarde. Baie dankie!

- **Beheerliggaam**:
  Die Voorsitter, Mnr. Grewar Oosthuizen en sy span lewer uitstaande werk en stel altyd die skool, leerders en ouers eerste met besluitneming. Baie dankie.

- **Personeel**:
  Ek glo dat ons personeel een van die bestes is. Die leerders se belange kom altyd eerste. Baie dankie vir onbaatsugtige opoffering en pragtige prestasies op vele terreine.

- **Leerders**:
  Julle is voorwaar ‘n besondere groep kinders. Kinders wat veelsydig is en op hul voete kan dink. Ons kry baie goeie terugvoer vanaf die hoërskole rakende ons Gamtooskinders. Die skool is baie trots op julle.

- **Donateurs/ Borge:**
  ‘n Spesiale woord van dank aan elke donateur en instansie wat ‘n bydrae gelewer het tot die sukses van die skool.

- **Ons Hemelse Vader**
  U seën ons skool ryklik. Ons loof en prys U vir U goedheid.